SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 14 JULIE 2002

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid- Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van Harry Warr ZS1HW
moet aankondig. Harry is oorlede op Maandag 08 Julie 2002. Harry het onlangs 'n suksesvolle rugoperasie ondergaan en het tuis aangesterk toe hy 'n respiratoriese komplikasie ontwikkel het. Sy vrou Margaret was aan sy sy toe hy heengegaan het. 'n Roudiens is in St Peter's Anglikaanse Kerk, Hermanus, gehou en 'n verassing in Kaapstad. Die roudiens is deur sy Amateurradiovriende van die Kaap bygewoon. Harry se oorskot sal volgens sy wens ter see te ruste gelê word.

(POUSE)

Dit is ook met leedwese dat ons die heengaan van Garth (Willy) Wilson, ZR6CY, op 9 Julie 2002 moet aan kondig. Oom Willy, soos hy aan baie bekend was, was een van die wat die Radioamateur van die Jaar toekenning vanjaar ontvang het. Oom Willy was vir 38 jaar as volwasene, 'n ywerige lid van die Voortrekkers en het baie jong lede aan die morsekode en eenvoudige elektronika blootgestel.
Aan sy dogters Ethel en Elna en sy seun met hul gesinne gaan ons innige meegevoel en medelye.

(POUSE)

In die nuus vandag:

HERINNERING AAN HAMNETBULLETINTYE

SARLKANTOORNUUS

WRTC EN IARU HF-KOMPETISIES HIERDIE NAWEEK

KONTAK MET PIONIER 10

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio aan sarlnews@hotmail.com nie later as die Donderdag wat die bulletin vooraf gaan, in te stuur. Indien moontlik stuur dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

HAMNETBULLETINTYE

Hamnetlede word daaraan herinner dat die tyd waarop die Sondagbulletin uitgesaai word, vervroeg is na 16:30 (4:30 n.m). plaaslike tyd. Die rede vir die verandering is a.g.v. voortplantingsprobleme in die 30 Meterband.

SARL KANTOORNUUS

Die SARL-kantoor sit met 'n hele paar probleme op die oomblik.
Eerstens het die skielike verlof wat Marlette geneem het, veroorsaak dat daar niemand was wat die daaglikse bedrywighede van die SARL kon behartig nie. Derhalwe is 'n tydelike aanstelling genoodsaak. Ronnette de Beer het by die kantoor oorgeneem en moet haar nog vergewis van al die eienaardighede van 'n kantoor wat radioamateurs bedien. Die lede word dus gevra om maar 'n bietjie geduldig te wees totdat dinge weer normaliseer. Daar stroom op die oomblik baie lidmaatskaphernuwings in asook nuwe aansoeke om lidmaatskap wat maak dat hierdie 'n buitengewone besige tyd vir die kantoorpersoneel is. Die raad van die SARL vra dat enige spesiale versoeke so 'n bietjie agterweë gehou word.

Radio ZS het as gevolg van hierdie ontwrigting in die slag gebly en sal so 'n week of wat later as beplan aan lede gepos word. Dit is op die oomblik by die drukkers en die verwagte afsendingsdatum is die eerste week in Augustus.

Wat die QSL-buro betref is daar nog 'n groot tekort aan vrywilligers om die kaarte wat inkom te sorteer en te versend.
Die plaaslike QSL-kaarte word behartig maar die van oorsee bly in die slag. Enigiemand wat binne bereik van die NARS is, en kan help, word gevra om met Fritz Sutherland, ZS6ASF, in aanraking te kom by sel: 083 304 0028 of by sy huis by 012 997 1114.

Die 27ste Julie gaan beslis baie bedrywig wees want bo en behalwe die Megavlooimark in Pretoria en Oakdaleklub se bedrywighede in die Kaap word daar om 08:00 'n SARL-raadsvergadering by die NARS gehou.

WRTC EN IARU HF-KOMPETISIES HIERDIE NAWEEK

Die Wêreld Radiosport Spankompetisie, of WRTC, wat soms die 'Olimpiese spele van Amateurradio' genoem word, word tans in Finland gehou. WRTC is 'n kompetisie tussen 52 tweepersoon spanne van top amateurradiokompetisieoperateurs in die wêreld. Deur die deelnemers bymekaar te brng in een geografiese gebied en deur gelykwaardige bedryfstoestande wat antennas en krag betref te voorsien, word die veranderlikes, normaalweg met radiokompetisies assosieer, tot 'n minimum beperk, en indiwiduele spanne se bedryfsvernuf word benadruk.

Wees op die uitkyk vir die nasionale spanne wat deel neem aan die IARU HF Kampioenskap hierdie naweek vanaf persele in die Helsinki omgewing wat die unieke voorvoegsels OJ1 en OJ8 gebruik. Die kompetisie loop vanaf gister om

12:00 UTC en hou vir 24 uur aan.
Lee Volante, G0MTN, en Dave Lawley, G4BUO, is deel van die span skeidsregters wat onder leiding van Roger Western, G3SXW, staan.

Benewens die 104 WRTC-deelnemers sal die Finse SRAL hoofkwartierstasie, OI2HQ, vanaf 'n verskeidenheid persele, met 'n groot span operateurs vanaf die VK, VSA, Slovenia en die Okraïne asook van Finland, bedrywig wees. Alle QSO's sal deur die buro bevestig word en stasies wat minstens 5 QSO's maak met OI2HQ sal spesiale vermelding kry vir optrede tydens die kompetisie.

KONTAK MET PIONIER 10

Die volgende brokkie interessante nuus is verkry uit die AMSAT- nuusdiens.

Hoe is u op-skakel vandag?

Toe beheerpersoneel met Pionier 10 oor 'n afstand van meer as 7,4 biljoen myl kontak gemaak het, het hulle die 70 meter skottel by Goldstone , Kalifornië met 200 kW senderkrag gebruik. Die Pionier 10 ruimtetuig se ontvangssein was -131,7 dBm ongeveer 11 uur later.

Die antwoord vanaf Pionier 10 is weer 'n addisionele 11 uur later op die aarde ontvang. Die sterkte van die sein ontvang was ongeveer -183 dBm. Seinprossseringsalgoritmes het die sein tot -178,5 dBm versterk. Telemetriedekodering van die 16 bps datastroom was moontlik om met 'n sein tot ruis verhouding van 0,5 dB plaas te vind. Dit is ook deur SETI ontvang.

So, die volgende keer dat jy dink jy gaan nog die instel van jou antenna uitstel, onthou, jy het baie werk om te doen! Een hardebaard het aan AMS gesê "Indien jou antenna die hele winter daarbo gebly het, dan was dit nie groot genoeg nie"!

INTERNASIONALE VUURTORINGNAWEEK

Vir die van u wat geïntereseerd is om deel te neem aan hierdie jaar se Internasionale vuurtoringnaweek op 17 en 18 Augustus is daar al die besonderhede wat u nodig het op die SARLwebwerf te vinde. Alles vanaf hoe om die nodige toestemming te verkry om u plaaslike vuurtoring te gebruik tot die frekwensies wat gebruik word ens. Besoek gerus die SARLWEBWERF by www.sarl.org.za vir nadere besonderhede.

Hierdie bulletin is saamgestel deur Gustav, ZS6BWN, en gelees deur vanuit as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 21560, 9750 en 7082 kHz en 145,625 MHz in die Ooslondon-, 145,650 in die Durban- en 145,750 MHz in die Pretoriagebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 20:00 SAT op 3215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Kom neem ook deel aan die net van die President van die SARL wat Sondae om 12:00 op 7082 kHz op die lug is.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. 'n Groot woord van dank aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX